




Die Maand Wat Was


Februarie 2014 Sakegesprek Beleggings Nuusbriëf

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Januarie 2014

Langtermyn pj van 1900 tot einde 2013



Bron: Credit Suisse





Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepalër van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelepe 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2013) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

12 maande gelede




Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling aan aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling aan aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Januarie 2014 - Die Maand Wat Was

Die rand was nie die enigste swartskaaap onder die geldeenhed nie

Suid-Afrikaners, veral diegene wat reis of lief is vir ingevoerde luukse, kyk na die daling van die rand met absolute misnoeë. Daar is 'n neiging om te aanvaar dat hierdie tendens uniek is aan Suid-Afrika en dat dit vir ewig in een rigting sal voortgaan. Met die ontleding van so 'n gebeurtenis is dit altyd belangrik om die breër konteks van die gebeurtenis te verstaan. Die depresiasie van die rand is nie uniek nie, maar is deel van 'n markdaling in groter ontluikende markte, dus beslis nie uniek aan Suid-Afrika nie.




Bron: McgregorBFA, Cannon Asset Managers

Die grafiek hierbo toon die hoe die geldeenhed van Suid-Afrika, Brasilië, Indië, Mexiko, Turkye en Argentinië oor die afgelope jaar teenoor die Amerikaanse dollar gedeprimeer het. Dit is duidelik dat Suid-Afrika (groen lyn, die 2de grootste verloorer) besig is om 'n rowwe tyd te hê, maar die ander lande is in 'n soortgelyke bootjie. Dit beteken dat ons versigtig sal moet wees met die voorspelling dat die rand slegs in een rigting sal beweeg as 'n gevolg van al die plaaslike gebeure, en dit is duidelik dat die rand alreeds te ver geval het. Dit kan beslis verder daal, maar dit is logies om te aanvaar dat die rand uiteindelik weer sal herstel. Ons voel dat dit 'n fout sal wees vir beleggers om nou aggressief te belê, beleggers wat hierdie besluit in 2000 geneem het toe die rand dramaties gedeprimeer het, het 'n beduidende deel van hulle kapitaal verloor toe die rand later herstel het.

Die JSE is nog oor die algemeen duur

Die grafiek hieronder is 'n oorsig van al die navorsing wat ons vantevore bespreek het. Dit illustreer dat 11% van verlede jaar se 18% groei in die aandelemark na aanleiding was van drie maatskappye, Naspers, Richemont en SAB Miller. Indien jy al die ander 157 maatskappye wat op die indeks gelys is besit, sou jou opbrengs slegs 7% vir die jaar gewees het! Hierdie inligting verskaf bietjie konteks rakende die besprekings oor die aandelemarkte die laaste paar maande en of dit duur is of nie. Terwyl die indeks steeds hoog is, is daar groot verskille in die werklike waarde verteenwoordig deur die grootste aandele in die indeks.

Die 20 grootste individuele aandele se bydraes tot die JSE se opbrengs in 2013



Bron: McgregorBFA, Cannon Asset Managers

Wat beteken dit vir jou as 'n belegger? Ons stel nie voor dat jy al jou Suid-Afrikaanse aandele verkoop nie, of dat jy ophou om in die aandele mark in te koop nie, want daar is nog steeds aandele wat goeie waarde vir geld bied. Ons stel egter voor dat jy die aankoop van groot hoeveelhede van Naspers, Richemont en SAB Miller op hierdie stadium vermy. Indien jy oorbelê is in aandele as 'n bateklas, is nou die ideale tyd om jou bate allokasie te hersien. Indien die mark wel binne die volgende jaar afneem, is dit belangrik om te onthou dat die mark vinniger daal as wat die toeneem, dus het jy nou die regte bate allokasie nodig om enige verliese te beperk. As jy belê in aktief bestuurde fondse wat die algehele aandele mark onderpresteer het oor die afgelope drie jaar, is dit waarskynlik dat hulle die duur aandele vermy het en daarom is hulle goed geposisioneer vir die huidige omstandighede.

Bill en Melinda Gates se jaarlikse Nuusbrief:

In hul jongste jaarlikse nuusbrief skryf Bill en Melinda Gates dat die wêreld vandag 'n beter plek is as in die verlede en nog verder sal verbeter in die volgende dekades – soveel so, meen hulle, dat daar in 2035 nie meer arm lande gaan wees nie!

Om hierdie argument te ondersteun, lig hulle drie mites uit wat hulle voel in die pad staan van vooruitgang. Hierdie drie mites is:

1. Die armes sal arm bly
2. Buitelandse hulpverlening is 'n groot vermorsing van fondse
3. Deur lewens te red, vererger ons die oorbevolking probleem.

1. Arm lande is bestem om arm te bly

Hierdie mite word in baie gevalle oor Afrika lande herhaal - dit is eenvoudig nie waar nie. Die afgelope dekade was 7 uit die 10 vinnigste groeiende lande Afrika lande; lewensverwachting vir vroue het in Sub-Sahara Afrika gestyg van 41 in 1960 na 57 vandag (nieteenstaande VIGS) en terwyl kinders op laerskool minder as 40% van die populasie was in 1970 is dit vandag meer as 75% van die populasie in die streek.

Wêreldwyd het die hoeveelheid mense wat in absolute armoede lewe in twee dekades met meer as 'n miljard verminder. As 'n persentasie van die wêreldbevolking het die armes meer as gehalveer, en hulle word vandag as deel van die middelklas beskou.

Daarom maak hulle die gevolgtrekking: “Teen 2035 gaan daar amper nie meer arm lande wees nie” en dat baie van die ontwikkelende lande alreeds baie ver ontwikkel is.

2. Buitelandse hulpverlening is 'n groot vermorsing van fondse

Een van die argumente wat aangevoer word, is dat hulpverlening gepaard gaan met grootskaalse bedrog en korrupsie. Hoewel dit voorkom, word die projekte gewoonlik baie streng bestuur en gevalle waar korrupsie wel voorkom, word volledig ondersoek. Bill Gates beklemtoon dat slegs 'n baie klein deel van hulpverlening aan bedrog blootgestel is en dat mens moet fokus op die suksesse van hierdie programme - onder andere dat siektes effektief bekamp word; mense langer en gesonder lewe; opvoeding verbeter; mense ontsnap uit die armoede lokval - om 'n paar punte uit te lig.

Bill Gates beskryf die dubbele standaard met die volgende opmerking: “Vier van die laaste 7 goewerneurs van die Amerikaanse deelstaat Illinios moes tronk toe gaan vir korrupsie, tog het niemand geëis dat die skole of paaie gesluit moes word nie”.

Nog 'n argument teen hulpverlening is dat hulpverlening ekonomiese groei vertraag omdat die land afhanklik raak van die hulp van ander. Bill Gates gebruik die voorbeeld van verskeie lande (wat lande in Afrika insluit) waar hulp aan die landbou sektor gelei het tot die vestiging van suksesvolle landbou projekte en dat van hierdie lande nie alleen genoeg vir hul eie behoeftes produseer nie, maar ook suksesvol uitvoer en nou ander lande en streke van hulp voorsien.

'n Nog groter sukses van hulpverlening is die reuse suksesse in gesondheidsorg. In 1960 het 18% van alle kinders wat gebore is, gesterf voor sy / haar vyfde verjaarsdag, vandag sterf minder as 5% voor hul vyfde verjaarsdag. Bill Gates meen dat hierdie persentasie gaan daal tot minder as 1,6% in 2035 – volgens hom een van die grootste suksesse van die mensdom en die mediese wetenskap!

Hy meen die bewyse is oorweldigend dat hulp werk en beskou dit as 'n sinnelose argument om dit te bevraagteken – die fokus moet wees oor hoe om die hulp beter aan te wend en beter te bestuur.

3. Deur lewens te red vererger ons die oorbevolkings probleem

Melinda Gates, Bill Gates se vrou, het hierdie hoofstuk geskryf. Die bewyse is daar dat juis die teenoorgestelde waar is – hoe minder kinders vroeg doodgaan, hoe laer is die groei in die bevolking. Daar is voorbeelde in verskeie lande wat hierdie aanname statisties bewys. Die rede is die voorspelbaarheid van die lewe en van die toekoms. Hoe sekerder mense is oor hul toekoms en die toekoms van hul kinders, hoe minder nuwe geboortes kom voor en hoe laer is die groei in bevolking – eenvoudig omdat mense dan begin fokus en beplan vir die toekoms!

Hiermee saam speel jong vroue 'n groot rol. Indien jong dames die geleentheid gebied word om skool te gaan, verminder swangerskappe en minder kinders word gebore. Die blote toegang tot voorbehoedmiddels in arm gemeenskappe het dieselfde gevolg – laer bevolkingsgroei.

Die volledige brief is beskikbaar op:

Webadres: <http://annualletter.gatesfoundation.org/#section=home>

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

**Volg ons op
TWITTER**



Volg ons op twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek) vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Die volgende **Sakegesprek** reeks word beplan vanaf **April 2014** en strek weer oor 13 weke. Soos met die afgelope 52 episodes, gaan Theo poog om met vooraanstaande sakeleiers te gesels oor hul loopbane, suksesse en leierskap. Ons gaan in hierdie reeks die net bietjie wyer gooi en ook praat met mense wat in ander velde suksesvol is, maar tog ook waardevolle lesse het wat ons elkeen in ons eie loopbane en besighede kan toepas. Kontak my gerus as julle enige voorstelle het van persone met wie ek onderhoude kan voer?

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.